GEREFORMEERDE KERK AKASIA

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 17
17 MEI 2020

PSALM 100:2

Dien die Here met Blydskap

Lees: 2 Korintiërs 4:1-6
Kernvers: 2 Kor.4:6
Tema: **Die lig wat in ons harte skyn!**

1. God is lig en Hy gee lig in die duisternis
2. Jesus Christus is ons Lig en die duisternis kan Hom nie uitdoof nie
3. Die Heilige Gees laat lig in ons harte skyn, sodat ons nie in die duister is nie
4. Ons kan in die lig leef, al is daar duisternis

Sang: Ps. 8:1,3,4; Ps.71:9; Ps.130:3,4; Ps.27:1,2; Ps.18:13,14; Ps.84:3,6

MEELEWING

Baie Geluk Louis en Hetta van Wyk (D3 082 468 1743) wat die afgelope week 'n agterkleinkind, 'n seuntjie, ryker geword. Ons is saam met julle dankbaar vir die Here se genade.

Donderdag, 21 Mei, as die Here wil, is dit hemelvaartdag. Dit is 'n dag waarop ons God se genade en liefde wat Hy in Jesus Christus bewys het, kan herdenk. Ons Verlosser se hemelvaart raak ons ewige lewe in hemelse heerlikheid direk en is daarom baie belangrik. Al kan ons vir die huidige nie in die kerkgebou vir 'n erediens bymekaarkom nie, sal daar 18:00 'n boodskap op die Whatsapp-groep van Oggendkoffie wees.

VERJAARSDAE *Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Ps 25:4*

17/05 Johann van Staden	*A1*	*0829051197*
19/05 Simon Lessing	*D2*	*0727508653*
Chamoni Louw	*D1*	*0722467472*
*Regina Lowings **	*B1*	*0824222822*
*21/05 Sampie Malan **	*D2*	*0828327331*
23/05 Truleen Pretorius	*A1*	*0822588521*

*Lidmate 65 jaar en ouer **

DANKOFFER - EN LIEFDEDIENS BYDRAES

Onthou asseblief om u bydraes en kollektes in te betaal, sodat die Kerkraad en Diakonie hulle verpligtinge kan nakom.

Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA tjek rekeningnr 060340889
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters, Van en Wyk

Diakonie Geref Kerk Akasia
ABSA Tjek 060280649
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters en Van

Is jy bekommerd? … dalk oor jou siekte, of selfs in hierdie grendeltyd? Paulus gee vir ons in Fil 4:4-9 raad oor hoe jy as kind van die Here/gelowige met jou bekommernis/beproewing moet handel!
Paulus skryf hierdie gedeelte in 'n baie moeilike tyd aan die gelowiges in Filippi. Dit was in die tyd toe keiser Nero die Christene so vervolg en doodgemaak het. Paulus kom nou in die tyd en hy skryf aan die gelowiges: Wees bly in die Here! Wees altyddeur bly, die Here is naby!
'n Mens kan amper vir Paulus vra: Hoe is dit moontlik om bly te wees as 'n mens deur so beproewing moet gaan? Medegelowiges word doodgemaak omdat hulle glo?
Dit is dus nodig om vanuit Paulus se denkwêreld en lewenswyse hierna te kyk.
Vir Paulus was die lewe Christus en daarom het hy dit ook bely: "ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee." Christus was alles in sy lewe omdat hy in Hom geglo en geweet het dat hy in Christus die ewige lewe het. Selfs toe hy deur beproewinge gegaan het, het hy aan Jesus Christus vasgehou en kon hy dit oorleef.
Nou verstaan ons hoekom Paulus kan sê dat ons soos die gelowiges in daardie tyd in beproewinge en bekommernis "bly" moet wees!

RIGLYNE OM HOOPFIKS TE WORD EN TE BLY

1. KYK VORENTOE

Anker jou hoop in ‘n ewigheidsperspektief. Ongeag omstandighede hier, ek is ‘n reisiger op pad. **Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.**

2. KYK TERUG

Anker jou hoop in die onthou van die verlede. Die onthou van waar God op besondere wyse uitkoms gegee het. **Num 10:10 Op die dag as julle vrolik is, sowel as op jule feestye en by die begin van julle maande moet julle by jul brand offers en by jul dankoffers op die trompette blaas** …

3. KYK HIER

Anker jou hoop in vandag en die feit dat jy kan kies om te hoop of toe te laat dat omstandighede jou verswelg. Victor Frankl het in die Duitse konsentrasie-kamp besef alles kan van hom weggevat word behalwe die keuse wat hy het oor hoe hy daarop gaan reageer.

4. WEES EERLIK

Erken jou onvermoë om werklik elke dag met hoop uit te stap en nie deur eksterne omstandighede oorweldig te word nie. Daarmee saam bely jou totale afhanklikheid van Hom wie se krag in jou swakheid volbring word. **2 Kor 12:9 En Hy het gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring…**

5. LEEF DANKBAAR

Hoop word versterk deur om met dankbaarheid te leef. Kom gereeld tot stilstand en maak ‘n lysie van wat jy alles het om voor dankbaar te wees, al is dit vir die voorreg om te mag lewe en geliefdes om jou te hê. **Kol 3;15 En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.**

6. SOEK DIE POSITIEWE

Hoop word versterk deur jou te omring met mense wat ook met hoop leef. Vermy gedurige gesprekke oor hoe sleg dit gaan. **Heb 6:11 Maar ons verlang dat elkeen van julle dieselfde ywer mag toon om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe; sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.**

7. VOLHARD

Beoefen hoop juis in tye van beproewing en swaar. Weet dat dit ook sal verbygaan en dat juis in swaar tye mens se afhanklikheid gebou word.
Job 36:15 Hy red die ellendige deur sy ellende en open hulle oor deur verdrukking.

KOOP EN VERKOOP

Vervaardig, bak, brei/hekel of bou/maak jy iets tuis vir ‘n inkomste of ekstra inkomste in hierdie grendeltyd?
Adverteer hier vir slegs R50 per plasing.
Stuur jou advertensie of inligitng vir die advertensie aan my:
annamieroos@gmail.com, sodat ons mekaar kan ondersteun

Rhode Island Red
Vars en gekrummelde hoender – Vis – Groente - Spek – Kaas – Botter – Eiers – Joghurt – Koffie – Beskuit – Koeksisters – Neute – Droë vrugte – Sade – Lekkers – Skoonmaak middels en vele meer

Kontak: 0721377665 / 0767545622
Facebook: Rhode Island Red Akasia
e-pos: vernonbronkhorst69@gmail.com
Kaart fasiliteite
Rooivleis nou ook beskikbaar teen die beste pryse!!

PLAASVERVANGERS

230g botter - 220ml kookolie

15ml mielieblom - 30ml koekmeel

250ml bruismeel - 250ml koekmeel + 5ml bakpoeier

5ml suurlemoensap—3ml asyn

20ml bakpoeier - 10ml kremetart + 5ml koeksoda

5ml kremetart - 15ml suurlemoensap of asyn of 3ml wynsteensuur

10g kitsgis - 25g blokkie vars gis

250ml suiker - 200ml gouestroop of heuning

250ml suurmelk/room - 250ml melk + 20ml suurlemoensap of 15 ml asyn

1 heel eier - 30ml water + 3ml bakpoeier. (In koeke of koekies) - of 1 eierwit + 10ml kookolie

30g onversoete sjokolade - 50-60ml kakao + 10ml botter